

3 Julie

Nehemia 6:1-19

Weerstaan teenstand met God se krag (2)

Die beste manier om 'n land, weermag, skool of kerk seer te maak, is om sy leiers te laat swig voor verleidinge. Wanneer die leiers gefaal het, tree moedeloosheid by die gewone mens in.

Dit is presies wat die driemanskap Sanballat, Tobija en Gesem wou doen. Hulle val Nehemia persoonlik aan. Maar hulle doen dit op 'n slinkse manier. Eers nooi hulle hom uit vir onderhandelinge, toe word 'n onverseelde brief gestuur met 'n skinderstorie. Derdens probeer hulle om Nehemia in die tempel te laat skuil. Laastens probeer hulle hom met briefwisseling heuning om die mond smeer en sy vyande goed te praat

Genadiglik reageer Nehemia op hierdie slinkse teenlae deur aan die Here getrou te bly en met sy werk voort te gaan. Hy het geweet hy is nie met mense se saak besig nie, maar met God se saak.

Ons hoor so baie van predikante, ouderlinge en diakens wat in die lewenswedloop geval het. Miskien is ek een van hulle. Ons hoor so baie van gesinshoofde wat swak voorbeelde vir hul kinders is. Besef ons dat die Satan soos 'n brullende leeu gereed is om die gelowige, maar veral die gelowige leier, te verslind?

Op watter maniere probeer die Bose ons leiers verlei? Wat is my taak om hierteen weerstand te bied? Gee ek die nodige liefde, ondersteuning en voorbidding vir die leiers in God se kerk? Dra ek ook die vergifnis van die Here in my omgang met gevalle leiers uit?

Ons Koning, Here en Verlosser; ons dank U vir elke dienskneg wat U gebruik. Ons dra ons predikante, ouderlinge en diakens aan U op vir U wysheid en beskerming. Ons bid vir die heiligmakende krag van U Gees oor hulle elkeen. Vermeerder by ons die liefde, geduld en ondersteuning vir elkeen wat in U diens werksaam is.

Sing Skrifberyming 10

Ds. J.P. van der Walt (Durban)